Zitholele Consulting
Reg. No. 2000/000392/07

Posbus 6002 Halfweghuis 1685, Suid-Afrika
Gebou 1, Maxwell Kantoorpark, Magwa Singel Wes
h/v Allandaleweg & Maxwellrylaan, Waterfall City, Midrand
Tel + (27) 11 207 2060
Faks + (27) 86 674 6121
E-pos : mail@zitholele.co.za

Ons Verw.: 13034-83-Let-001-DSR Notification

29 September 2014

Geagte Belanghebbende

OMGEWINGSIMPAKEVALUERING VIR DIE VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN 'N NUWE SLIKDAM EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR BY KOFFIEFONTEIN DIAMANTMYN (Verw. No.: EMS/23(ii), 3, 15/14/11; NEAS Verw. No.: FSP/EIA/0000379/2014)

- **KENNISGEWING VAN DIE BESKIKBAARHEID VAN DIE KONSEP BESTEKOPNAMEVERSLAG EN UITNODIGING NA OPENBARE VERGADERINGS**

Met verwysing na ons skrywe gedateer Donderdag, 5 Junie 2014 waarin ons u, as belanghebbende, verwittig het dat 'n Omgewingsimpakevaluering (OIE) vir die voorgestelde Nuwe Slikdam en gepaardgaande infrastruktuur by Koffiefontein Diamantmyn onderneem word. Ons wil u graag verwittig dat Zitholele Consulting voortgaan met die opstel van die Konsep Bestekopnameverslag (KBV) wat nou afgehandel en gereed is vir openbare oorsig en kommentaar vanaf **Maandag, 29 September 2014** tot **Vrydag, 7 November 2014**.

Gedrukte kopieë van die KBV kan by enige van die volgende openbare plekke besigtig word:

PLEK	KONTAKBESONDERHEDE
Gedrukte Kopieë	
Kantore van die Letsemeng Plaaslike Munisipaliteit, Groot Trekstraat 7, Koffiefontein	Tel.: 053 205 9200
Koffiefontein Openbare Biblioteek, Groot Trekstraat 29, Koffiefontein	Tel.: 053 205 0147
Ditlhake Openbare Biblioteek, Ntsanestraat 429, Ditlhake, Koffiefontein	Tel.: 053 205 0383
Ethembeni Kliniek, Jacobsdalweg 100, Koffiefontein	Tel.: 053 205 0977

Die KBV kan ook van Zitholele se webwerf (http://www.zitholele.co.za/eia-for-koffiefontein-slime-dam) afgelaai word. Die KBV is ook op CD beskikbaar op versoek per e-pos van Zitholele Consulting.

U word versoek om op enige van die volgende maniere kommentaar op die KBV te lewer:

- Deur die ingeslote kommentaarvorm in te vul (Aanhangsel A);
- deur 'n skrywe te rig of om bykomende skriftelike voorleggings te doen;
- deur 'n e-pos te stuur of die openbare deelnamekantoor telefonies te kontak; of
- deur enige van die openbare vergaderings (sien hieronder vir besonderhede) by te woon.

Uitnodiging na Openbare Vergaderings

Openbare Vergaderings sal gehou word waar ’n opsomming van die potensiële omgewingsimpakte wat tot op datum geïdentifiseer en in die KBV vervat is, voorgehou en bespreek sal word. U plaaslike kennis sal waarde tot hierdie proses toevoeg deur te verseker dat alle tersaaklike omgewingsimpakte vir evaluering in die OIE se Impakfase geïdentifiseer word. Die Openbare Vergaderings sal soos volg gehou word:

DATUM	TYD	PLEK
Donderdag, 16 Oktober 2014	14:00 – 16:00 (**Registrasie begin om** 13:30)	Koffiefontein Gholfklub, Du Preezstraat, Koffiefontein
	18:00 – 20:00 (**Registrasie begin om** 17:30)	Daniël Moopela Gemeenskapsaal, Dithlake

Om te verseker dat ons genoeg sitplek voorsien, word u vriendelik versoek om die aangehegte registrasievorm (Aanhangsel B) in te vul en aan die Openbare Deelnamekantoor (kontakbesonderhede word op registrasievorm voorsien – Aanhangsel B) terug te stuur op of voor Donderdag, 9 Oktober 2014.

Vir daardie belangstellende en/of geaffekteerde partye (B&GP’s) wat nie toegang tot e-pos of faksgeriewe het, of binne maklike bereik van ’n poskantoor is nie en graag hul bywoning van die openbare vergaderings wil registreer, het Zitholele Consulting kopieë van die Registrasievorm vir Openbare Vergadering en ’n Openbare Vergadering Registrasiehouer vir u gerief by die volgende plekke geplaas:

- Ditlhake Openbare Biblioteek, Ntsanestraat 429, Ditlhake, Koffiefontein, 9986 – Tel: 053 205 0383
- Koffiefontein Openbare Biblioteek, Groot Trekstraat 29, Koffiefontein, 9986 – Tel: 053 205 0147

Ons versoek u vriendelik om van hierdie geleentheid gebruik te maak om u bywoning van die Openbare Vergaderings te registreer en om hierdie uitnodiging aan u kollegas, vriende, bure en familielede te rig.

Ons spreek graag ons waardering uit teenoor die belanghebbendes wat die nodige inligting vir die opstel van die KBV tot dusver ingedien het.

Vriendelike groete

Nicolene Venter
ZITHOLELE CONSULTING (EDMS.) BPK.

Aanhangsel A: KBV Kommentaarvorm
Aanhangsel B: Registrasievorm vir Openbare Vergaderings